Hare- Olies :
★ Bon Fixa
★ O'Shana
Bring asseblief u bottel saam
Die Eikestadwinkel
(Edms.) Bpk.
PLEINSTR., STELLENBOSCH

DIE
# Matie
STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT. ORGAAN VAN A.N.S.-TAK.

Gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery en uitgegee deur die A.N.S.-Tak Stellenbosch

DEEL IV, No. 20. VRYDAG, 18 AUGUSTUS 1944 PRYS 1d.

VILJOEN
se fietswinkel sal u fiets weer repareer. Bring dit net.
*Dele is skaars maar ons doen nog ons bes.*
ONTHOU — in Pleinstraat
*Net langs Suikerbossie.*

## Groot Naturelle-Toestroming Op Stellenbosch

### Kleurling- en Naturelleprobleem Hand Aan Hand

### STADSRAAD SKRIK WAKKER

„Ons strewe daarna om so gou as moontlik hier op Stellenbosch i.v.m. die kleurkwessie die volgende te bereik: (a) die verwydering van alle kleurlingelemente wat tans onder die blankes woonagtig is na die bepaalde kleurlingwoongebiede en (b) die plaas van alle naturelle in een of meer lokasies vir die doel ingerig. Dit mag 50 jaar neem, maar ons besef die potensiële gevaar wat agter die gestadige kafferindringing en kleurlingwedywering skuil. Ons het te lank stil gesit; na 20 jaar ondervinding as amptenaar kan ek van weinig getuig wat in dié verband gedoen is." Aldus het een van die hooggeplaaste plaaslike munisipale amptenare hom uitgelaat, in 'n onderhoud met „Die Matie."

Die prentjie wat ons segsman geskilder het, was voorwaar 'n donker een. Hy het daarop gewys dat daar groot moontlikhede vir Stellenbosch op industriële en nywerheidsgebied wag. Daagliks word die moontlikheid van nuwe uitbreiding ná die oorlog oorweeg en bespreek. Dit is dus seker dat veral die kleurling en naturellebevolking geweldig gaan toeneem in die nabye toekoms, soos reeds die geval is. Van die platteland is daar, soos algemeen bekend, 'n gedurige toestroming van naturelle wat aangelok word deur vooruitsigte van werk.

Hoe moeilik die oplossing ook al mag skyn, lyk dit of die plaaslike stadsraad die saak reg aangevoor het. Aan die begin van die jaar is 'n nuwe pos daargestel, nl. die van 'n Naturelle Registrasiebeampte, met die uitsluitlike doel om soveel as moontlik kontrole oor naturelle binne die munisipale grense te plaas.

#### REGISTRASIE

Hierdie amptenaar, moes van voor af begin om alle naturelle te laat registreer. Daar was vroeër hoegenaamd geen kontrole nie en daar word gemeen dat dit nog 'n geruime tyd sal duur voordat presies vasgestel kan word hoeveel naturelle hulle tans hier bevind, werkloos al dan nie. Daar word egter gemeen dat die aantal naturelle reeds die maksimumgetal wat Stellenbosch kan „dra", oorskrei het.

Die groot moeilikheid skyn te lê by naturelle buite die lokasie. Baie naturelle wil nie laat bou of 'n vaste woonplek inneem nie daar hulle bepaalde arbeid slegs 'n tydelike verblyf op Stellenbosch vereis. Hierdie gaan „tuis" op die eerste die beste plek.

Hierdie buite-seksie vorm dan ook die oorgrote meerderheid; ons segsman het beraam dat ongeveer 1,500 naturelle hulle tans in en om Stellenbosch bevind, en in die lokasie is die totaal slegs 520.

#### LIEWER LEEGLÊ.

Die rede hiervoor lê voor die hand: van die 1,000 buite die lokasie het 'n klein minderheid enige vaste werk, en van laasgenoemde sorteer die meeste onder diegene wat 'n tydelike arbeid doen. Wyl daar dan verlede jaar 'n regulasie in werking getree het wat enige werklose verbied om in die lokasie te woon, kan verstaan word hoekom Kaya Mandi lokasie nie so „populêr" onder die naturelle is nie.

Die enigste wyse waarop kontrole oor hierdie naturelle buite die lokasiegebied uitgeoefen word is nl. deur middel van die permit- en kontrakstelsel.

#### EEN PROBLEEM.

Dit is dus kortliks wat deur die stadsraad beoog word. Ons segsman het egter baie sterk beklemtoon dat die kleurling- en naturelleprobleme hand-aan-hand gaan en alleen saam opgelos kan word. Reeds maak die stadsraad al hoe meer voorsiening vir kleurlinge in Idas Vallei, en word dié wat nog in die dorp woonagtig is, aangelok deur behuisingsskemas en bou-lenings wat die stadsraad hulle aanbied.

„Ons wil naamlik probeer om die du Toitstasie-gebied so gou moontlik van kleurlinge te suiwer. Dit moet slegs 'n blank bewoonde gebied wees, *want slegs deur blank en gekleurd heeltemal te skei sal ons die naturelleprobleem ook oplos. Solank as die naturel sien dat sy kleurlingbroer toegelaat word om onder blankes te woon, sal hy ook dieselfde voorregte wil hê. En slegs deur aan die naturel te toon dat hy, netsoos die kleurling, eenkant hoort, kan ons hoop om enigsins die hele vraagstuk op te los," het ons segsman besluit.*

## A.N.S.! Aan Jou Die Volle Lof!

### S.V.R. Afgevaardigdes Doen Verslag

Reeds baie is deur *Die Matie* aan die studentegemeenskap meegedeel in verband met die A.N.S. studente-werkers-kongres. Aangesien lesers waarskynlik die indruk kan kry dat dié besprekings almal in die lig van 'n A.N.S.-bril was, wil ons nou enkele aanhalings maak uit die verslae van mnre. Eddie Botha en Bertholdt Pauw wat die kongres besoek het as afgevaardigdes van ons S.V.R. Hierdie verslae is verlede week aan die S.V.R. voorgelê.

Mnr. Botha verklaar: —

„Ek voel dat ek moontlik deur hierdie verslag te kort kan laat geskied aan die waarde van die kongres, aangesien dit feitlik onmoontlik is om reg te laat geskied aan hierdie deeglike samesprekings as jy dit aan ander moet weergee. Graag sou ek liewer wou sien dat al die Afrikanerstudente van ons universiteite en kolleges hierdie kongres kon bywoon!......

„Ons het die geleentheid gehad om te luister na mense wat byna ondergaan in die stryd om 'n bestaan te vind, en tog nog bewus is van hulle volksaard, hulle kerkverband, en die plig wat op hulle rus as Afrikaners....

„As mens agter die skerms kyk en kennis maak met die toestande — huislik, sosiaal en ekonomies — waaronder die werkers leef, dan kom jy tot 'n wrede ontnugtering...." En op oortuigende wyse het mnr. Botha die haglike toestande geskets.

Die oplossing van die probleem het mnr. Botha in drie punte gestel: Samewerking tussen die intelligentsia (student, staat) en die werker; klasseonderskeid moet verdwyn; alleen 'n gesagstaat met 'n nasionaal-sosialistiese grondslag kan die oplossing bied.

Die indruk wat ek gekry het van wat ek gehoor en gesien het, was dat die enigste mense wat werklik iets doen om die werkers in hul stryd te help, die Ossewabrandwag is" is woordeliks verklaar.

„Aan die A.N.S. kom alle eer toe vir hierdie nuwe mylpaal wat hulle met hierdie kongres bereik het! Ek wil die hoop uitspreek dat hulle verder veel sukses mag hê waar hulle hul voortaan ten doel sal stel om te waak oor die belange van die Afrikanerwerker!"

Mnr. Pauw het ook met veel waardering gepraat van die verrigtinge, en baie skerp gewaarsku teen die gevaar van skeiding tussen die werker en die student — „'n neiging wat wel bestaan en groei." Verder het hy hom hoofsaaklik tot die vakbondstelsel bepaal en die wantoestande geskets soos dit op die kongres duidelik geblyk het. As enigste oplossing is ook aangebied die organisering van die werkers binne die vakbonde sodat hulle weerstand kan bied teen vreemde elemente.

## Rekord O.B. Fondsdag

### 12 Aug. Lewer £750

Getrouste ondersteuning uit alle oorde en 'n wakker O.B. pligsbesef het die skitterende sukses wat verlede Saterdag alhier behaal is met Ossewabrandwagdag verseker. Van alle kante het produkte van allerlei aard toegestroom — naaldwerkartikels, speelgoed, koek en allerlei gebak, blomme, vleis, van alles wat mens op 'n nommer 1 basaar kan verwag was daar 'n oorvloed. Maar ook nie lank nie, want die ondersteuning van die publiek en studente het verseker dat die tafels gou leeg sou raak. Almal het hulle plig gedoen, flukse O.B.-dametjies met verversings, klein kindertjies met blommeruikers, O.B. kêrels wat ywerig hand bygesit het, 'n goeie orkes wat 'n aangename atmosfeer gewek het — oud en jonk, elkeen het geweet wat hy of sy moes doen en het dit gedoen.

Die aandprogram is op ernstige wyse ingelei deur die toesprake van Gebiedsgeneraal dr. Van Zyl en die A.K.G., Genl. J. A. Smith, wat vir die eerste keer na 'n siekte van etlike maande weer op die verhoog verskyn het. Daarna is oorgegaan tot allerhande vermaaklikhede en speletjies wat almal besiggehou het tot elfuur die aand.

Die bedrag van ongeveer £750 is ingesamel ('n mooi rekord oor die £585 van verlede jaar). Alleenlik met hul tafels het die studente ongeveer £50 ingesamel.

Die totale opbrengs van die hele Stellenbosse Generaalskap het oor die £2,000 opgelewer.

#### REDDINGSDAAD

Verlede Donderdagaand het dr. Van Aswegen van Kaapstad 'n vergadering in die C.S.V.-saal toegespreek oor die Reddingsdaad, en wat dit reeds bereik het. Die doel van die vergadering was die kies van 'n subkomitee wat die studente moet bearbei, aangesien die plaaslike organiseerder nie al die pligte kan behartig nie. Aangesien die opkoms egter te swak was, is besluit om die kiesing uit te stel tot 'n latere geleentheid.

INSPAN, UITSPAN, ONTSPAN
by die
UITSPAN
Melktert, Tuisgemaakte Pasteitjies, Koesisters, Pannekoek - - - -
Boeretroos na Boeresport.

**DIE EIKE KAFÉ**
Onder persoonlike toesig van
(Mnr. en Mev. van Zyl)
SIGARETTE en TABAK
SJOKOLADE en GEBAK
VARS VRUGTE
en
GROENTE
LIGTE ETES ALLE URE!
In ruil vir u gewaardeerde ondersteuning waarborg ons u
*DIE BESTE DIENSTE*



ONDERSTEUN
die alombekende firma
**R. MÜLLER**
Eerste vir Klaviere,
Musiekinstrumente in die algemeen.
Musikale benodighede.
Grootste voorraad Musiek boeke.
●
AFSONDERLIKE AFDELING
vir beste en gewaarborgde
SWITSERSE
POLSHORLOSIES.
**R. MÜLLER**
(Eiens.) Bpk.
Pleinstraat, STELLENBOSCH.



**APTEKERS**
Ons bied u deskundige bediening en betroubare medisyne aan.
●
**JOERNING en SEUN**
(Eiens.) Bpk.
Hoek Bird- en Pleinstraat,
STELLENBOSCH.



**Die Plaza**
Foon 0013.
●
Gone with the Wind
CLARK GABLE
VIVIEN LEIGH
LESLIE HOWARD
*18 en 19 Aug.*
Matinee: Saterdag om 2 n.m.



*Goeie Raad!*
●
Daar kom 'n tyd in die lewe van elke mens dat hy iets netjies wil laat druk, al is dit net....
'n Visitekaartjie
'n Sirkulêr
'n Program
'n Bloemlesing
'n Geleerde Dissertasie
of wat ook. Kom reguit na ons. Onr raad is vry—ons werk word gewaarborg.
*Ons hele Staf is tot u diens!*
**Pro Ecclesia-Drukkery**
Pastoriestraat, Stellenbosch.



## DIE MATIE

Alle Korrespondensie aan:
H. S. MARAIS,
HOOFREDAKTEUR,
Dagbreek.

Korrespondensie i.s. Inskrywings aan:
*Die Matie* Administrasie,
Posbus 28,
STELLENBOSCH.

Inskrywingsgeld 5/- per jaar.

Deel IV. 18 Augustus 1944. No. 20


## IKABOT ? ?

Die geweldige intog van naturelle na die stede is vandag reeds oral en algemeen bekend. Ons sien hulle vandag in groot getalle selfs op die strate van ons Bolandse dorpe, waar 'n naturel vroeër 'n onbekende verskynsel was. Die tempo en omvang van hierdie instroming het in al die stede, veral die groteres, gedurende die jare wat onmiddelik verby is, geweldig toegeneem. In Kaapstad en omstreke was daar in 1941 ongeveer 7,000 naturelle. In 1943 was daar reeds vierkeer so veel. In 1936 was 43% van alle stedelike bewoners blankes, die res was naturelle, kleurlinge en Asiate. Vandag sal hierdie syfer na die geweldige instroming wat in die jongste tyd plaasgevind het, aanmerklik anders wees. Dis bes moontlik dat die naturelle alleen nou meer as die blankes in die stede is. In 1936 was daar reeds 19 uit die 68 belangrikste stede en dorpe van die Unie waarin meer naturelle woonagtig was as blankes. In 9 van hierdie 19 was die naturelle in 'n oorweldigende meerderheid, selfs drie en vierkeer so veel as die blankes. Teenswoordig sal die prentjie heelwat anders saamgestel wees.

Waarom kry ons hierdie instroming? Daar is twee redes: Die eerste is dat die volksplanters aan die Kaap die verkeerde weg gekies het. Toe die Here Sewentien in 1716 die Politieke Raad aan die Kaap gevra het wat hulle beter ag, die invoer van slawe of blanke arbeiders, was daar net een lid wat genoeg visie gehad het en gepleit het vir blanke arbeiders. In 1743 het van Imhoff in sy memorandum dit betreur dat daar nie meer blankes, wat as arbeiders kon dien, na Suid-Afrika gekom het nie, daar die aanwesigheid van slawearbeiders die koloniste 'n afkeer aan handearbeid gegee het. Ook dit het geen uitwerking gehad nie. Die Afrikanervolk het in sy kiemsamestelling reeds gekleurde arbeiders gehad. Die Afrikanervolk was van die begin af aan gewoond aan sy goedkoop gekleurde of naturelle arbeiders.

Die tweede rede is die koms van kapitaal. Met die ontdekking van goud en diamante in ons land het die industriële termometer wat aanvanklik by ons so te sê op zero gestaan het, ineens geweldig begin styg. Arbeiders was nodig om hierdie rykdomme in die hande te kry en om die industrieë wat as gevolg hiervan ontwikkel het, in stand te hou en uit te brei. Die goedkoop naturelle-arbeider moes ook hiervoor aangekeer word. Waar die naturelle nie uit hulle eie wou kom nie, is hulle deur belastings en slinkse rekruterings-metodes gedwing om 'n aandeel te kom hê in die blanke produksiemasjien.

So rus ons ekonomiese lewe op 'n fundament van naturelle- en gekleurde arbeiders, het ons afhanklik geword van hulle medewerking, het ons ons aan hulle en hulle aan ons gekoppel, op 'n wyse wat onheilspellend is vir die toekoms.

Terwyl hulle in ons arbeid is, staan hulle in 'n leerskool wat oneindig doeltreffender is as die georganiseerde onderwys. Die naturel leer ons gewoontes, kweek nuwe behoeftes en verlanges aan, kry middele en geleenthede om hierdie nuwe wense tot op sekere hoogte te bevredig of veg daarvoor, verloor die liefde en eerbied vir sy volkseie en sy volkstuiste, sien in die blanke stede sy normale woonplek, in die blanke industrieë sy normale werkplek, in die blanke lewenswyse, ja, word met verloop van tyd in handel, wandel en denke één van ons, eis dieselfde regte as ons, wil saam met ons op gelyke voet as burger van 'n gemeenskaplike vaderland beskou en behandel word.

Die resultaat hiervan kan alleen 'n botsing wees wat met verloop van tyd al hoe meer en meer intens sal word, naderhand bloedig.

Elke verantwoordelike mens sal besef dat dit daarnatoe nie kan lei nie. **Die Afrikanervolk en elke blanke in hierdie land moet nou besluit tot hiertoe en nie verder.** Ons moet sorg vir die verstandhouding van ons eie ekonomiese struktuur, ons moet sonder gekleurde arbeiders klaarkom, ons **moet stelselmatig** 'n proses van skeiding teweegbring met totale skeiding as eindresultaat. Hierdie skeiding moet so deurgevoer word, dat die naturelle en kleurlinge in hulle verskillende volksverbande, elk in hulle besondere tuisgebiede, as afsonderlike gelukkige eenhede, geskei van mekaar en van die blankes, woon. Die blankes weer, onder leiding van die Afrikanervolk, moet deur hulle eie arbeid sorg vir die instandhouding van 'n eie organies-groeiende blanke volkseenheid. **As ons dit nie kan doen nie, kan ons maar ikabot oor die toekoms van die Afrikanervolk skrywe.**

**WAAROOR HET ONS MOEDERS GELY EN ONS VADERS GESTERWE?**

# Die Oorlog

## Die Nuwe Wapen

*„De Waereldgeschiedenis is 't Waereldgericht,*
*Vergelding, de wet der Historie."*
*— Ten Kate.*

### *Deur Prof. J. A. Wiid*

In elke oorlog kry die menslike uitvindingsvernuf dit reg om nuwe wapens en nuwe teenwapens te vervaardig. 'n Dergelike nuwe wapen in die oorlog van 1914-1918, toe die aanvanklike bewegingstryd in 'n stellingsoorlog (loopgrawe-oorlog) ontwikkel het, was b.v. die tenk. Hierdie tenk was egter 'n kleinigheid, wat konstruksie en funksionering betref, in vergelyking met die nuwe wapen wat die Duitsers gedurende die laaste agt weke teen Suid-Engeland en Londen gebruik.

Die wêreld, uitgenome die klompie Duitse deskundiges, verkeer op die oomblik nog taamlik in die duister omtrent die konstruksie en samestelling van hierdie wapen. Die Britte en ook die Duitsers praat van „vliegende bomme" wat elk van 2,000 tot 3,000 pond weeg. Die wêreld weet dat hierdie bomme van basisse op die Europese vasteland afgestuur word wat ten minste ongeveer een honderd myl van Londen en omgewing verwyderd is. Die wêreld weet voorts dat hierdie vliegende bomme geen bemanning het nie, d.w.s. loodsloos is en dat hulle nie deur 'n verslytbare kanonloop gaan nie.

Oor alles verdere in verband met die konstruksie van hierdie bomme verkeer die Geallieerdes min of meer in die duister. Aangesien hierdie goed dadelik ontplof as hulle met Engelse bodem kennis maak, is dit natuurlik onmoontlik om 'n vliegende bom in 'n Britse laboratorium te kry waar die geheime van sy samestelling bekend kan word. As die geheime van hierdie geheimsinnige bom tot sy ontploffingsmiddels en metaalbestanddele beperk was, dan sou die nuwe wapen vir die Britte geen al te groot hoofbrekens besorg het nie. Dit is egter die meganisme van die vliegende bom wat vir die Britte die bron van sorge en onsekerheid is. Hoe kry die Duitsers dit reg om so 'n swaar projektiel oor so 'n groot afstand te „skiet" sonder die gebruikmaking van kanonloop of vliegtuig?

**Die Uitwerking van die Vliegende Bom**

Oor die uitwerking van hierdie nuwe wapen sal die mense van Londen en Suid-Engeland die beste kan oordeel. Hulle is in die posisie om te kan vasstel of veldm. Smuts gelyk gehad het toe hy onlangs voor die troepe in Italië die vliegende bom 'n „damp squib" ('n klam klapper) genoem het. Volgens Reuter lyk dit of ons Premier ongelyk gehad het. Die grootskaalse ontruimings van die burgerlike bevolking uit Londen en omgewing spreek 'n ander taal. Hier voor my het ek 'n Kaapstadse koerant van 8 Augustus waarin 'n berig staan dat Llewellin, Britse minister van voedsel, verklaar het dat Londen nou al byna twee maande die spanning verduur wat gelyk staan aan „swaar kanonvuur dag en nag". In dieselfde koerant vind ons ook 'n berig uit Londen waarvolgens Italiaanse krygsgevangenes wat op plase in Suid-Engeland werk, gedreig het om te staak tensy hulle uit die meteoor-gevaargebied verwyder word. Uit dieselfde koerant, nog altyd van 8 Augustus, verneem ons dat Jan Masaryk, die vlugteling Tsjeggiese eerste minister in Londen, in 'n radiorede gesê het: „Die Britte sal Hitler die stelselmatige doding van burgerlikes deur middel van vliegende bomme nooit vergeef nie en as die Duitsers illusies het dat die Britte op die vredesonderhandelings genadig sal wees, maak hulle 'n fundamentele fout."

Uit dit alles blyk dit dat veldm. Smuts se „klam klappers" nie so min 'n getroue beskrywing van die werklikheid is as die nuusberigte waarvolgens die vliegende bomme 'n spesiale voorliefde vir kerke en hospitale aan die dag sou lê.

Masaryk se woorde van Britse „vergiffenis" en „genade" by die vredesonderhandelings herinner voorts aan 'n toespraak wat Winston Churchill op 4 Maart 1919 voor die Britse laerhuis gelewer het. Hierdie toespraak is gehou vyf maande na die wapenstilstand in 'n tyd toe die blokkade, nieteenstaande Wilson se veertien punte in die wapenstilstand, nog in volle werking was. „Ons hou al ons dwangmiddels in volle werking of in onmiddellike gereedheid vir gebruik. Ons pas die blokkade met krag toe. Ons het sterk leërs gereed om met die kortste kennisgewing op te ruk. Duitsland is baie naby hongersnood. Al die getuienisse uit Duitsland bewys eerstens die groot ontberings wat die Duitse volk ly en tweedens die groot gevaar van 'n ineenstorting van die ganse struktuur van die Duitse sosiale en nasionale lewe onder die druk van honger en ondervoeding. Nou is dit dus

(Vervolg op bls. 3, kol. 1)

## OP DIE KANSEL

**20 AUGUSTUS.**

**M.K.:**
10.30 v.m.: Ds. Hanekom (Doopdiens).
4.15 n.m.: Proefpreek Teol kand. W. D. Ackerman.
7 n.m.: Dr. Snyman.

**N.K.:**
10.30 v.m.: Prof. E. E. v. Rooyen.
7 n.m.: Ds. Louw.

**Geref. Kerk:**
7 n.m.: (Ou Leeskamer) Sangoefening.


# Rook Springbok-Sigarette

## UNIVERSITEITSNUUS

**Mej. L. J. Louw**, B.Sc. in Huishoudkunde (Pret.), M.A. (Columbia), tans lektrise aan die Universiteit van Pretoria, is aangestel as lektrise in die Dept. van Huishoudkunde in die plek van mej. E. M. Ackermann, M.Sc. wat 'n betrekking by die Dept. van Onderwys in die Transvaal aanvaar het.

* * *

**Mnr. B. S. Janeke** is aangestel as laboratorium-elektrisiën in die Fakulteit van Ingenieurswese.

* * *

**Dr. E. F. C Rohwer**, lektor in Chemie is bevorder tot senior lektor in Chemie.

* * *

Die Universiteitsraad het besluit om as 'n proefneming, aanstaande jaar spesiale aanklasse in Wiskunde in te stel. Die klasse sal deur **dr. J. M. le Roux** waargeneem word.

* * *

Daar word ook drie nuwe lektorate ingestel, nl. in **Filosofie, Siviele Ingenieurswese en Kunsvlyt.**

## *DIÉ AAND VAN DIE JAAR . . .*

. . . .vir alle liefhebbers van en belangstellendes in Volkspele, maar ook vir alle ander! Op Vrydagaand, 25 deser, word daar in die stadsaal 'n groot Volkspele-aand gehou onder beskerming van die Dorp- sn Universiteit-Volkspelelaers. Baie aantreklik: die eerste gedeelte van die program sal bestaan uit 'n aantal nommers, o.a. sang deur mev. Gladys Hugo, musiek, voordrag en die uitvoering van enkele nuwe volkspele. Gedurende die tweede helfte van die program kry almal wat lus voel die kans vir gesamentlike volkspele. Maar diegene wat nou nie so graag self wil deelneem nie hoef gladnie weg te bly nie; daar sal vir hulle ook genoeg wees om te geniet.

Kom almal saam, geniet 'n heerlike aand vol vrolikheid en joligheid! In die STADSAAL, VRYDAGAAND 25 deser om 7.30.

## DIE OORLOG

(Vervolg van bls. 2, kol. 4)

die oomblik om af te reken (now is therefore the moment to settle). Aldus Churchill in 1919.

### Die Revolusionêre Betekenis van die Nuwe Wapen

Geen denkende mens sal op die huidige tydstip van die oorlog dit waag om aan die vliegende bom as sulks 'n oorlogbeslissende betekenis te gee nie. Geen wapen op sigself kan beslissend wees nie. Daar is so baie onsekere faktore waarmee 'n kommentator rekening moet hou. So baie hang af van die brein, die hart en die hand van diegene wat die wapen gebruik. So baie hang af van die oorlogsmoraal, die algemene ekonomiese en staatkundige posisie aan die tuisfront. So baie hang ook af van die vyand. Wat die vliegende bom betref, hang dit af hoe veel van hierdie wapen die Duitsers tot hul beskikking het, in hoeverre hulle hierdie wapen nog verder kan ontwikkel of met nuwe soortgelyke „geheime" wapens voor die dag kan kom.

Volgens 'n berig in The Cape Argus (12 Augustus) van sy Londense korrespondent staan 'n nuwe Duitse wapen reeds voor die deur. Hierdie vliegende bom of V2 sou tien ton weeg as hy sy doelwit bereik. Ook skryf gemelde korrespondent van „ongewone wapens" wat die Duitsers in die jongste tyd sou vervaardig het.

Wat die toekoms ook al ten opsigte van nuwe wapens mag lewer, dit staan vas dat die vliegende bom reeds nou al 'n rovolusie in die oorlogsvoering teweeg gebring het. Met hierdie stelling sal die mense van Londen en Suid-Engeland waarskynlik akkoord gaan. In die volgende artikel meer oor die revolusionêre betekenis van die vliegende bom.

## PLATEPROGRAM

### *Sondagaand 8.15*

Met die oog op die opera-voorstellings in Kaapstad volgende week wat deur baie studente bygewoon sal word, het die Bestuur van die Musiekvereniging besluit om die program e.k. Sondagaand aan opera-musiek te wy. Mnr. Ernst van Heerden sal die program waarneem en veral Gounod se opera **„Faust"** behandel. Daar sal hopelik tyd wees om u ook 'n paar bekende nommers uit **„Carmen," „Verhale van Hoffmann"** en **„Madam Butterfly"** te laat hoor.

Almal, en veral dié wat die geleentheid sal hê om die opera-vertonings in die stad te sien, word hartlik uitgenooi na die Konservatorium direk ná die kerkdiens.

## AL IS HUL MIN . . . .

„Afskaffing van alle koloniale stelsels is 'n voorvereiste vir wêreldvrede" is verlede Saterdagaand in die Debatsvereniging besluit. Weens die baie ander funksies die aand was die opkoms maar skraal.

**Mnr. Marius Krige** het die onderwerp ingelei en is deur **mnr. Bun Booyens** ondersteun. Hulle is teengestaan deur **mnre. Victor Holloway** en **Peter Blum**. Die sprekers het goed met mekaar afgereken, en uit die vloer het mej. Jean van der Horst en mnre. Venter en Pieter de Kock met oortuiging gepraat.

Stemming het beslis dat koloniale besit steeds 'n steurende faktor was en sal bly wanneer aan wêreldvrede gedink word.

## HARMONIE HOU SIGEUNERAAND

Helder gekleurde gloeilampies voor die Conservatorium het Saterdagaand 'n skaar van jolige studente na Harmonie se huisfondsfunksie getrek. Die groot aantreklikheid was die dans bo in die saal en die buitelug-kafee. **Mej. Jean Reid** het in die loop van die aand 'n klopdans uitgevoer, en ook **mej. Helene Coetzer** se toertjies het baie byval gevind.

## HUIS-TEN-BOSCH-DANS

Verlede vrydagaand het die jaarlikse Huis-ten-Bosch huisdans in die banketsaal plaasgevind. 'n Mooi versierde saal, 'n goeie orkes, opgeruimde mans en dames, 'n heerlike gees, en alles was van die beste.

As eregaste het opgetree prof. en mev. Wagner en dr. en mev. C. du Toit.

## „SLAPERS" en „ETERS" SLAAGS

Gedurende die afgelope week het die tafel- en kamerloseerders van Riebeeckhuis kragte getoets teen mekaar in 'n rugbywedstryd. Die uitslag is beslis in die guns van die tafelloseerders wat die teenstanders 11—3 geklop het.


## *WEET U?*

**U weet seker hoe swaar dit soms is om geldjies te kry vir die ditjies en datjies?**

Sorg dat u toekoms nie, ná 'n suksesvolle Universiteitsloopbaan, deur gebrek aan geldelike vermoë belemmer word nie. Jong professionele manne en vroue weet dat hulle sal miskien lank moet wag voordat hulle 'n winsgewende betrekking sal kan opbou. Dokters of prokureurs moet 'n praktyk of vennootskap koop. Die maklikste en beste manier om u planne te bewerkstellig is om nou te spaar en u besparings in UNIE-LENINGSERTIFIKATE te belê.

**Koop hulle deur middel van Negepennie Spaarseëls, of vir kontant, by enige Poskantoor.**


## Onder Onsies

**Mej. Alida Vlok van Huis-ten-Bosch** het verlede Vrydag haar mondigwording gevier.

* * *

**Mej. Clasie Badenhorst** het Dinsdag haar mondigwording tussen haar mede-Monicaners gevier.

* * *

**Mej. Salie Zaaiman** van Huis-de-Villiers was een van die dametjies wat gedurende die afgelope week nog 'n jaar by haar ouderdom bygevoeg het.

* * *

**Mej. Mercia Nel** is een van die Maties wat onlangs die silwer sleutel ontvang het. Sy het die geleentheid gepas gevier by wyse van 'n eetmaal in Libertas, waar mnr. Koos Meyer, wat as seremoniemeester opgetree het, die glasies op haar gesondheid laat klink het. Vervolgens is heerlike koffie en koek in Suikerbossie bedien. Onder die gaste is o.a. opgemerk: mejj. Wanda Maarskalk, Sarie Geldenhuis, Frieda van der Merwe en mnre. Jappa Bredell, Bubbles Puren, Snyers Snyman en Willie Theron.

## *‚ALLEEN OP DIE WÊRELD'*

„Alleen op die Wêreld," 'n dramatiese stuk gebaseer op Tennyson se bekende „Enoch Arden," is verlede Vrydagaand op verdienstelike wyse in die Rekreasie-saal aangebied deur André Huguenet en sy teatergroep. Huguenet se besoek wat so vinnig op die opvoering van „Geleende Vere" alhier gevolg het, het mens laat wonder of dit iets werklik goed sou kon wees. Die flink spel van Huguenet en die hartlikheid en selfvertroue van Johann Nell verseker egter sukses; 'n interessante, onderhoudende verhaal daarby verseker 'n genotvolle aand.

'n Paar swakhede kan egter baie maklik aangevoel word: die eentonige stem van die dokter, oordrewe paradering by die vader, onnodig oordrewe gebruik van Huguenet se laggie, en daardie uiters hinderlike gil gelaggie van die vrou aan die begin van die laaste bedryf. . . .

Maar nogtans lewer Huguenet en sy groep altyd 'n baie aangename aandjie.

## CAL. VERENIGING

- Tyd: Maandagaand 21 Aug. 8 n.m.
- Plek: Ou Leeskamer.
- Tema: **„Bestaansbeveiliging."**
- Spreker: Mnr. A. D. Schutte.

Almal welkom!


**HENDRIKSZ**
die slagter, spesialiseer in
WORS en VLEIS
vir
BRAAIVLEISAANDE.
Andringastraat, Stellenbosch.

**G. E. HENDRIKSZ**
se viswinkel vir
VARS GEBAKTE VIS,
AARTAPPELREPIES,
SOUTVIS en KIPPERS.

**HENDRIKZ**
Foon 95.
vir
* Elektriese Benodighede
* Radio en alle Elektriese Reparasies
Langs Voortrekker Apteek
ANDRINGASTRAAT

**Foon 94**
**Santy se Bottelstoor**
*En probeer ons groot verskeidenheid Soetwyne en keurige Aptyt-drankies.*

Vir **BLAKENDE GESONDHEID**
drink
**HEERLIKE**
**KWV**
**DRUIWESAP**
*Onthou ! K.W.V.-Eau de Cologne is 'n besonder aangename en welriekende parfuum*

**Die C.S.V.-BOEKHANDEL**
kan u naas u
*Voorgeskrewe Boeke*
en Skryfbehoeftes
ook voorsien met
*Leerartikels*
van alle soorte.
•
*Groot verskeidenheid van Afdrukke van Skilderye*
en ander prente ook in voorraad.
•
**Die C.S.V. - Boekhandel**

# Rook Springbok-Sigarette

## Sportmanne In Die Nuus

### Max Schmeling

Tydens die inval in Kreta is daar berig dat die gevierde Duitse vuisvegter, Max Schmeling, ernstig gewond is en 'n paar weke gelede het daar nuus gekom dat 'n valskermsoldaat wat vermoed word Schmeling te wees in Normandië gesneuwel het.

Hierdie bokser het 'n lang en glorieryke loopbaan gehad. As jong bokser het Schmeling vorentoe gekom toe hy in 1929 vir Johnny Risko, een van die uitdaers om die wêreldtitel na Gene Tunney in die vorige jaar uitgeskei het, in 'n kwaai geveg waarin hy veel te verduur gehad het van die ratse Risko, in nege rondes uitgestof het. Die geveg het in Madison Square Garden plaasgevind. In dieselfde jaar het die jong Duitser met nog 'n uitdaer klaargespeel, nl. Paulino Uzcudun, ook in New York.

In 1930, op 12 Junie, kom hy regtig op die voorgrond deur Jack Sharkey, die toenmalige wêreldkampioen, van sy troon te lig met 'n ontoelaatbare hou in die vierde ronde. Die geveg het in wilde wanorde geëindig as gevolg van tweespalt onder die skeidsregters wat nie ooreen kon kom of die hou wat Sharkey buite geveg gestel het nou werklik geplant is nie. Die beslissing kon eers gegee word na die klok die begin van die vyfde ronde aangekondig het. 79,222 toeskouers het die geveg aanskou en die hekontvangste het 749,935 dollar bedra. Schmeling se aanspraak om die bokskroon is egter in die reine gebring deur die New York State Athletic Commission wat hom ses dae later „gekies" het as swaargewigkampioen van die wêreld.

In die daaropvolgende jaar word Schmeling egter deur dieselfde kommissie onttroon omdat hy sou geweier het om 'n tweede keer kragte te meet met Sharkey in Junie. Max het daarna op sy eie geveg en het nog in Junie (1931) die bekende Young Stribling op punte oor 15 rondes geklop. Die geskil is egter opgelos en die voorgenome wedstryd tussen Schmeling en Sharkey kon plaasvind. Die langverbeide geveg word dan uiteindelik, op 21 Junie 1932, uitgespook en Sharkey herower die kampioenskap deur Schmeling oor 15 rondes koud te lê. Met die geleentheid was die hekontvangste 475,000 dollar.

Max Schmeling se grootste prestasie in die kryt was seker die keer toe hy die „Black Bomber," Joe Louis, die harpuis laat snuif het. Daardeur het hy die eer verwerf dat hy die enigste vuisvegter was wat nog ooit die Neger 'n uitklop hou toegedien het. Dit was een van die mees sensasionele gevegte in die geskiedenis van die kryt. Daar het beroering onder die groot Yankee Stadion gekom toe Schmeling in die vierde ronde vir Louis met 'n harde regterhou op sy kinnebak neergeslaan het. Louis het wel die stryd hervat voordat hy uitgetel kon word, dog daarvandaan was dit duidelik dat sy blus uit was. Na twee minute van aksie in die twaalfde ronde het 'n regterhou wat die Duitser op sy ken geplant het met al die geweld van sy krag, sy bene onder hom laat toevou, en is hy vir die volle telling na die planke gestuur. Dit was op 19 Junie 1936.

Twee jaar later, op 22 Junie 1938, het die twee weer teen mekaar te staan gekom. Hierdie geveg het byna 100,000 toeskouers gelok, en dit het meer as 1,000,000 dollar aan hekontvangste opgelewer. Die geveg wat weer in Madison Square Garden plaasgevind het, staan bekend as die kortste geveg om die swaargewigkampioenskap van die wêreld. Dit het nl. net 2 minute en 4 sek. vir Louis geneem om Max aan die slaap te sus, nadat laasgenoemde slegs kans gehad het om een hou te mik na Louis, wat ook skoon mis was.

Dit was ook sy laaste groot geveg en met die uitbreek van die oorlog het hy by die Duitse weermag aangesluit in die valskermtroep-afdeling, net soos Louis ook by sy land se magte aangesluit het.

## VOETBAL

### Môre se Wedstryde

Die eerste span meet môre kragte met Tuine op Belville, terwyl die 1-B teen Liesbeekpark op die Spoorwegmanne se veld te staan kom.

Die A se agterspel was verlede week maar baie eenvoudig en indien dit weer gebeur dat hulle so van stryk is, sal hulle in hulle pasoppens moet wees as hulle nie nog twee verdere punte wil prysgee nie. Tuine het wel in die jongste tyd nie met wenspel voor die dag gekom nie, maar is altyd 'n vyftiental waarmee terdeë rekening gehou moet word. Die feit dat die Maties sedert 1940 ook nog nooit 'n oorwinning oor die stedelinge kon behaal nie, skyn al 'n tradisie te geword het, dog dit is baie moontlik dat die studente môre 'n einde aan die rekord mag maak.

Wat die 1-B betref, hulle het hulself verlede Saterdag oortref, en daar is bepaald op die oomblik 'n paar spelers wat hulle plek in die eerste span verdien. Veral Tiens van Niekerk lewer op die oomblik senterspel wat ver bo die gemiddelde is en ons sou graag wou sien wat hy in die geledere van die eerstespan kan uitrig. Ons verwag dat die tweedes dan ook môre sommer baie goed gaan vaar en as oorwinnaars die veld gaan verlaat.

Die verskil in die puntetelling aan die einde sal seker nie baie groot wees nie, want Liesbeekpark het in die afgelope tyd bewys dat hulle enige span tot die einde sal dwing om alles uit te haal.

## WANNEER WAS MATIES WENNERS?

Saterdag na die nederlaag van Stellenbosch teen Bellville, waardeur hulle hul aanspraak op die Wes-Kaaplandse louere verswak het, vra 'n rugbygeesdriftige my wanneer die Maties dan laas oorwinnaars was.

In 1937 toe die Springbokke hulle roemryke toer na Australasië onderneem het, het Awie Retief en sy span die laaste keer die Senior Stadsbeker verower — op 18 Sept.

Villagers en die Maties het kop aan kop op die puntelys geloop en moes elk nog 'n wedstryd afspeel. Villagers sou teen Somerset-Wes kragte meet terwyl die Maties dinge moes uitspook teen Paarl wat daardie jaar besonder sterk was. Indien die Maties hulle wedstryd kon wen en Somerset kon die onmoontlike verrig deur Villagers te klop, dan sou die begeerde trofee natuurlik Matieland-toe kom. En dit is ook presies hoe sake verloop het. In 'n harde voorspelwedstryd op Nuweland het die Maties daarin geslaag om Paarl te klop met 7 — 3. Vroeg in die eerste helfte het Justus van der Spuy 'n skepskop oor die dwarshout gelig, terwyl Chris Ackermann vyf minute voor die eindfluitjie met 'n reuse strafskop die uitslag van die wedstryd buite twyfel gestel het.

In die Strand het die Dinamietboere bo alle verwagting die sterk Villagerspan met 3 punte geklop en sodoende die trofee aan die Maties besorg. Die skakelpaar van die Maties, Fanie van der Spuy en sy broer Justus, het die dag uitmuntende spel gelewer en het die sterk Matie-agterlyn met Lammie Louw en Topsy Smith in hulle geledere telkens gevaarlik weggestuur. Maar waar die studente veral uitgeblink het was in die voorhoede, waar Koos Smit, Ackermann en Os Oberholster vir hulle naam gemaak het.

In 1896 het die Maties vir die eerstekeer die Groot Uitdaagbeker verower, alhoewel hulle alreeds vanaf 1888 deelgeneem het aan die kompetisies gereël onder beskerming van die W.P.R.V.U. Voor dit het hulle sedert 1885, toe die klub gestig is, aan die Plattelandse Bekerkompetisie deelgeneem en die trofee vir drie agtereenvolgende jare gebuit.

Die studente het in 1896 onder aanvoering van wyle ds. J. M. Hofmeyr, in lewe predikant van Somerset-Oos, gestaan. Die voorspelers was daardie jaar puik en die beste wedstryd van die seisoen was die een teen Villagers. Dit was 'n wedstryd waarin die Matie-voorspelers hulle kragte gemeet het teen Villagers se sterk agterhoede. Veral drie voorspelers het uitgeblink, nl. dr. H. van Broekhuizen, Paul de Waal en D. Theunissen wat al drie daardie jaar vir S.-A. diens gedoen het teen Hammond se toerspan. Die rooijersies het die pyp geroop met die gevolg dat hulle toe gelyk met Hamiltons en Villagers op die puntelys gestaan het. Die beker is uitgespeel en die Maties moes laaste teen Hamiltons speel. In hierdie wedstryd het die onsterflike Japie Krige op sestienjarige leeftyd sy eerste verskyning in die eerste span gemaak en hy was die dag tot 'n groot mate daarvoor verantwoordelik dat die Stellenbossers geseëvier het.

Die rugbymoeilikhede wat verlede jaar ontstaan het, het verdere deelname aan die Groot Uitdaagkompetisie uitgesluit, dog dit is interessant om te weet dat Stellenbosch die begeerde trofee al tien keer gebuit het teenoor Hamiltons en Villagers se 13 en 11 onderskeidelik. Die jare van hulle sukses is as volg: 1896, 1903, 1904, 1905, 1907, 1911, 1919, 1922, 1932 en 1937.

## STOEI

U.S. het maandagaand hul onoorwonne rekord gehandhaaf deur Wynberg met vyf gevegte teen twee te klop. Alhoewel al die gevegte van hoogstaande gehalte was, moet ons veral melding maak van die geveg tussen Jooste en Kalis. Alhoewel Kalis vir Jooste in Mei op Stellenbosch geklop het, het Jooste Maandagaand bewys dat hy tog die beste middelgewig in die Westelike Provinsie is. Selfs Tromp van Diggelen, Vise-President van die W.P. Stoeiunie, het gesê dat Jooste een van die beste amateurstoeiers is wat hy nog in Suid-Afrika sien optree het. Dit was in elk geval 'n geveg waaroor in stoeikringe nog lank gepraat sal word.

Die volledige uitslae is as volg (U.S.-stoeiers eerste genoem): —

*Kapok:* Haasbroek klop Reed op punte.

*Veer:* Malherbe verloor teen Schaefer met 1 val.

*Lig:* V. d. Merwe verloor teen Euckermann op punte.

*Welter:* Jordaan klop Helfrich met 1 val.

*Middel:* Jooste klop Kalis op punte.

*Ligswaar:* Wynberg gee prys.

*Swaar:* De Wet klop Dwyer op punte.

## STOEITOERNOOI

**Môreaand om 8 uur.**
**In die H. J. S.-saal.**
**Gekombineerde Liesbeek-Park en U.Kaapstad vs. U.S.**
**Toegang: 1/-.**

**Moenie net hoor sê nie; kom kyk self!!**

## JUKSKEI-BESTUUR

Die volgende bestuur is gekies vir die plaaslike Jukskei-klub: Voors.: P. C. Struwig; Ondervoors.: E. v. d. Watt; Sekr.: I. Steyl; Add. lede: T. Kritzinger, mej. R. v. d. Merwe, mej. E. Bekker.

Maties!
Maak ons u APTEKERS en wees verseker van ons beste AFRIKANER DIENSTE.
DIE
Voortrekker-Apteek
Andringastraat, Stellenbosch

BELANGRIK —!
Sien ons nuwe voorraad Sports Baadjies-materiaal so pas ontvang
Sports Baadjies gemaak na maat, vanaf £5-7/- - £5-17-6
'n Pragtige Reeks nuwe Engelse Worsted-stowwe nou in voorraad, teen die besondere billike pryse van £10-5/-, £11-5/-, £12 per pak gesny na maat deur 'n deskundige
Die beste in waarde in Stellenbosch
By ons kan u 'n paar pond op 'n pak spaar
Gebrs. De Wet
Waar u altyd die Beste Waarde kry vir u geld.
Gebrs. de Wet (Eiens.) Bpk.
Foon 20. STELLENBOSCH. Bus 21.

Maties !
Die
Victoria Kafee
Vir
Vars Vrugte
Smaaklike Lekkers
Vriendelike Bediening
Mnr. MALZER
Onthou
Die Biljart Salon